kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Selfgesprek: Wat dink jy is die goeie waarheid oor jouself

Skriflesing: Johannes 21:20-23

"The meaning of my existence is that life has addressed a question to me. Or, conversely, I myself am a question which is addressed to the world, and I must communicate my answer, for otherwise I am dependent upon the world's answer."
— C.G. Jung, Memories, Dreams, Reflections

Broodjies vir die pad

my eie stem

ek willie innie voetspore
van famous digters loepie
'n na-aap was anyway
nog nooit 'n regte dier nie

innie ou dae moes ek my bek hou
al was ek ontevriede
oorie beloep vannie liewe
maar deesdae
kan ek kla
oor allie dinge wat my pla

ek sal bly skrywe tot daai dag
wanne my vinge's vi' my sê
nou moet djy ophou broe'tjie
genoeg is nou genoeg

tot dan skryf ek voort
oor topics waa'mie die mense
in my community kan relate

op literêre pryse
traai ekkie aanspraak maakie
soelank ek net my vrou
en kinnes kan hêppie maak

ek weier om innie skadu
van famous digters te beweeg
ek het my eie style
my eie stem
my eie identiteit

Christo Meyer

https://www.litnet.co.za/my-eie-stem/

"We are not here to fit in, be well balanced, or provide exempla for others. We are here to be eccentric, different, perhaps strange, perhaps merely to add our small piece, our little clunky, chunky selves, to the great mosaic of being. As the gods intended, we are here to become more and more ourselves."
— James Hollis, What Matters Most: Living a More Considered Life

"i love playing and chatting with children...feeding and putting them to bed with a little story, and being away from the family has troubled me throughout my...life. i like relaxing at the house, reading quietly, taking in the sweet smell that comes from the pots, sitting around a table with the family and taking out my wife and children. when you can no longer enjoy these simple pleasures something valuable is taken away from your life and you feel it in your daily work."
— Nelson Mandela, Conversations With Myself

'n Kleinood uit die hart van Elsa Joubert

Wilhelm Jordaan

'n Kleinood, sê die woordeboek, beteken dat iets ook figuurlik 'n kosbare besitting kan wees. Só 'n kleinood het ek verlede jaar van die skrywer Elsa Joubert ontvang – 'n kort boodskap oor 'n rubriek wat ek in Die Burger geskryf het.

Dit het só gekom: In die rubriek (18 Desember 2019) het ek vertel hoe Kersfees my elke jaar ontwrig en het gevra: Mag 'n mens aan die Kersfees-ritueel deelneem as jy afskeid geneem het van geykte kerkspraak wat byvoorbeeld Christus tipeer as "Seun van die Lewende God" en "ons enigste Verlosser van sonde"?

Sommige sal sê as jy dít nie kan bely nie, is jy 'n ongelowige, ketterende buitestander. Tog weet 'n mens daar is heelwat sulke "buitestanders" wat hulself as gelowig beleef, te midde van twyfel en onsekerheid. Én wat vernuwing in hul geloofslewe soek.

Ek het toe deur voorbeelde uit die digkuns en uit 'n mistiese perspektief by die gedagte gekom dat die hart van Kersfees-mistiek miskien juis dít is: Dat jy met weemoed verlang na die moontlikheid van 'n God. En só word alles rakende "Stille nag, heilige nag . . ." 'n lewegewende metafoor wat sin gee aan Kersfees en die saamwees van mense wat mekaar liefhet.

Verder het ek Jesus se kruiswoorde en -belewenisse probeer verstaan as uitdrukking van sy volledige menslikheid, en die verskrikking van 'n angswekkende afstand tussen hom en sy God: "My God, my God waarom het U my verlaat?" Asof hy met dié aanhaling uit Psalm 22 wou sê: Dit waaraan ek my lewe gewy het, kom tot niks. My God is afwesig in my donkerste uur.

En om dan, sterwend, in sy laaste kruiswoorde helder en berustend sy geloof te bely – in 'n kindergebed net voor mens gaan slaap: "Vader, in U hande gee ek my gees oor."

Op dié manier wou ek sê Jesus is dalk die prototipe van die God-verlangende mens wat, teen alle getuienis in, bly glo dat die mens in 'n onbegryplike, verruklike akkoord aan God behoort. En Kersfees bevestig dit.

Twee dae later kry ek 'n e-pos van haar seun, die regsgeleerde Nico Steytler: "Beste Wilhelm, my ma, Elsa Joubert, het my versoek om die kort boodskap aan jou te stuur . . . Baie dankie vir jou rubriek. Al die vrae is wonderbaarlik beantwoord. Jy stuur vrede en geluk uit. Seënwense vir jou van ons almal."

Hierdie boodskap het my diep geraak omdat dit gekom het van ’n mens wat op hoë ouderdom weier om op te hou lewe; haar besig hou met vernuwende vrae, en die nog onverkende bestaansvlakke waarvan sy self gesê het: “My lewe beweeg op die periferie van ’n bestaansvlak wat ek nie ken nie.”

Soos sy ook geskryf het in haar pryswennende Spertyd oor oudword en die “Krag” eie aan lewe: “Rus bestaan in sy teenstander Beweging, die een kan nie sonder die ander nie . . . Moeg beteken die Krag het opgehou. Krag beteken die Moeg het opgehou.”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/n-kleinood-uit-die-hart-van-elsa-joubert-20200617

“Live no longer to the expectation of these deceived and deceiving people with whom we converse. Say to them, O father, O mother, O wife, O brother, O friend, I have lived with you after appearances hitherto. Henceforward I am the truth's. Be it known unto you that henceforward I obey no law less than the eternal law. I will have no covenants but proximities. I shall endeavor to nourish my parents, to nourish my family, to be the chaste husband of one wife, - but these relations I must fill after a new and unprecedented way. I appeal from your customs. I must be myself. I cannot break myself any longer for you, or you. If you can love me for what I am, we shall be the happier. If you cannot, I will still seek to deserve that you should. I will not hide my tastes or aversions. I will so trust that what is deep is holy, that I will strongly believe before the sun and moon whatever inly rejoices me, and the heart appoints. If you are noble, I will love you; if you are not, I will not hurt you and myself by hypocritical attentions. If you are true, but not in the same truth with me, cleave to your companions; I will seek my own. I do this not selfishly, but humbly and truly. It is alike your interest, and mine, and all men's, however long we have dwelt in lies, to live in truth. Does this sound harsh to-day? You will soon love what is dictated by your nature as well as mine, and, if we follow the truth, it will bring us out safe at last. --- But so you may give these friends pain. Yes, but I cannot sell my liberty and my power, to save their sensibility.”

— Ralph Waldo Emerson

Absence of Mind: The Dispelling of Inwardness from the Modern Myth of the Self
by Marilynne Robinson

In this ambitious book, acclaimed writer Marilynne Robinson applies her astute intellect to some of the most vexing topics in the history of human thought—science, religion, and consciousness. Crafted with the same care and insight as her award-winning novels, Absence of Mind challenges postmodern atheists who crusade against religion under the banner of science. In Robinson’s view, scientific reasoning does not denote a sense of logical infallibility, as thinkers like Richard Dawkins might suggest. Instead, in its purest form, science represents a search for answers. It engages the problem of knowledge, an aspect of the mystery of consciousness, rather than providing a simple and final model of reality.

https://www.goodreads.com/book/show/6965304-absence-of-mind

Brood vir die pad

Tyd wat herinner dat die gewone lewe ook heilig is

RRV

In die kerkjaar vorm die tydperk wat van ná Pinkster tot voor Advent strek deel van wat in Engels as “ordinary time” (tempus ordinarius) bekend staan. Soms word daarop gewys dat hierdie benaming met “ordinale getalle” (rangtelwoorde) verband hou, aangesien die bepaalde Sondae wat val buitekant die groot kerklike feestye – soos Advent, Kersfees, Lydenstyd en die Pase – in volgorde genommer word.

Die term “ordinary time” kan verder daarop dui dat dié deel van die kerklike kalender – wat amper twee derdes daarvan uitmaak – nie “feestyd” is nie, maar “gewone tyd,” net soos die grootste deel van ons lewens tússen spesiale herdenkings en vieringe plaasvind. Heelwat liturgiekenners wys daarop dat hierdie “ordinary time” eintlik allesbehalwe gewoon is, aangesien dit juis vir ons kan help om ’n oog te hou op die feit dat die gewone ook besonders kan wees, die triviale ook onthullend, die alledaagse ook heilig.

’n “Teologie van die gewone lewe” daag ons dus juis uit om nie die sakrale en die profane, die geestelike en die aardse, as afgeslote en uitsluitende sfere te beskou nie. Die Protestantse teoloog Paul Tillich skryf dan ook iewers in hierdie trant: “Die heelal is God se heiligdom. Elke werksdag is ’n dag van die Here, elke maal ’n nagmaal, elke taak die vervulling van ’n goddelike opdrag, elke vreugde ’n vreugde in God.”

Ons leef meestal onbewus en ongevoelig ten opsigte van hierdie insig. Soms kan dit egter gebeur dat ons – dalk as gevolg van buitengewone situasies of ontmoetinge – wel die heilige en sakramentele karakter van die gewone lewe oplet. En in die proses beweeg word tot verwondering, dankbaarheid en hernude toewyding.

Iets hiervan kom na vore in ’n insident waarvan ons lees in Marilynne Robinson se roman Gilead. In ’n brief aan sy jong seun herroep John Ames – wat soos sy pa en oupa ’n predikant is – ’n keer wat hy as kind saam met sy pa gegaan het om te help om ’n kerk op te ruim wat deur weerlig aan die brand geslaan is:

“I remember my father down on his heels in the rain, water dripping from his hat, feeding me biscuit from his scorched hand, with that old blackened wreck of a church behind him and steam rising where the rain fell on embers.”

Ames onthou dat sy pa se gawe na as geproe het, maar voeg ook by: “Grief itself often returned me to that morning, when I took communion from my father’s hand. I remember it as communion, and I belief that’s what it was.”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-tyd-wat-herinner-dat-die-gewone-lewe-ook-heilig-is-20200613

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Seën

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877